MN 11

~~VERTROULIK~~
~~CONFIDENTIAL~~

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R

WERKGELEENTHEDE WAT AS GEVOLG VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE IN DIE CISKEI ONTSTAAN

# NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC
MN 11

HUMANITAS
RGN-HSRC

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 11 | 39838/1 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

39838

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

1179*1085

N

TAAN

MARANS, M.A.

CHT, B.ECON.

:RAGNAVORSING

: W. VERHOEF

PRETORIA

1974

Navorsingsbevinding M-N-11

0001079276

2844363866

001.3072068 HSRC MN 11

*107927*

HSRC
STAAT
39838
BESTELNOMMER

INHOUD

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 1 | AGTERGROND EN DOELSTELLING | 1 |
| 2 | DIE ONDERSOEK | 1 |
| 2.1 | Omskrywing van bou- en konstruksiebedrywighede | 1 |
| 2.2 | Insluiting van Fort Hare | 2 |
| 2.3 | Instansies wat bou- en konstruksiebedrywighede onderneem | 2 |
| 2.4 | Veldwerk en vraelys | 4 |
| 3 | SAMEVATTING VAN BEVINDINGS | 4 |
| 4 | TABELLASIES | 8-16 |
| | BYLAE : Vraelys | |

# 1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Gedurende 1973 het die Regering die Clark-komitee aangestel met die spesifieke opdrag om die behoefte aan tegniese opleiding in die Bantoetuislande en grensgebiede te bepaal. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, het die komitee dringende behoefte aan syferkundige inligting in verband met werkgeleenthede, veral volgens beroep, en daar is besluit om die nodige inligting op 'n sektorale basis in te win.

Die RGN wat sitting op hierdie komitee het, het aktief meegehelp om die syferkundige inligting aan die komitee beskikbaar te stel. As eerste sektor is die sekondêre nywerheid gekies en opnames is in die belangrikste groeipunte in die Tuislande in samewerking met BENBO onderneem.

'n Verdere groot skepper van werkgeleenthede is die bou- en konstruksiebedrywighede in die Tuislande. Opnames om die werkgeleenthede wat as gevolg van hierdie bedrywighede ontstaan, te bepaal, is reeds in Bophuthatswana, Kwa-Zulu en Lebowa gedoen. Die Clark-komitee het die RGN daarop versoek om 'n soortgelyke opname in die Ciskei te doen.

Die doel met hierdie ondersoek is dus om die aard en omvang van werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei ontstaan, te bepaal.

# 2 DIE ONDERSOEK

## 2.1 OMSKRYWING VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE

Die bou- en konstruksiebedrywighede wat in die Ciskei onderneem word, word hoofsaaklik in die volgende hoofgroepe verdeel:

(a) Dorpstigting, wat die bou van woonhuise, skole, klinieke, hospitale, opleidingsinrigtings en sportfasiliteite insluit. Die lewering van dienste soos water- en elektrisiteitsvoorsiening, riolering en die maak van strate word ook by hierdie kategorie ingedeel.

(b) Die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

Die bou- en konstruksiebedrywighede wat die ondersoekveld van hierdie projek uitmaak, het slegs op nuwe werke betrekking. Die instandhouding van bestaande geboue of ander strukture val buite die bestek van hierdie ondersoek. Waar dieselfde werkers vir bou- en konstruksiebedrywighede sowel as vir instandhoudingswerk gebruik word, is die betrokke werkgeleenthede egter wel by die opname ingesluit.

Die bou van private woonhuise is ook nie by die ondersoek ingesluit nie. In die meeste gevalle word private woonhuise deur die eienaars self in hulle vrye tyd gebou en daar word dus aanvaar dat geen noemenswaardige voltydse werkgeleenthede deur sodanige bouwerk geskep word nie.

## 2.2 INSLUITING VAN FORT HARE

Al die gebiede wat reeds formeel by die Ciskei ingelyf is, is in die ondersoek betrek. Daarbenewens is werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede by die Universiteit van Fort Hare ontstaan, ook by die opname ingesluit. Alhoewel hierdie gebied tans nie formeel by die Ciskei ingelyf is nie, het beamptes van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aangedui dat dit hoogswaarskynlik in die nabye toekoms wel sal gebeur. Al die Bantoewerkers wat in die bou- en konstruksiebedrywighede by die universiteit werksaam is, is dan ook van die aangrensende Ciskeise gebiede afkomstig. Bantoewerkers wat by sodanige bedrywighede by die universiteit werksaam is, maak 11,3 persent van die totale getal werkgeleenthede in die bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei uit. Vir die doeleindes van hierdie verslag word Fort Hare dus as deel van die Ciskei beskou.

## 2.3 INSTANSIES WAT BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE ONDERNEEM

Bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei word hoofsaaklik deur die volgende instansies onderneem:

(a) <u>Die Departement van Werke van die Ciskei-regeringsdiens</u>

Die Departement van Werke is hoofsaaklik met dorpstigting en die lewering van dienste binne dorpsgebiede besig. Die Departement onderneem ook van tyd tot tyd die bou van paaie en verskillende landbou-ingenieursprojekte binne die Tuisland.

(b) Die Xhosa-Ontwikkelingskorporasie

Die XOK onderneem hoofsaaklik die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

(c) Die Spesiale Organisasie van die Munisipaliteit van Oos-Londen

Die Spesiale Organisasie wat deur die Munisipaliteit van Oos-Londen in die lewe geroep is, tree as agent vir die S.A. Bantoetrust op vir die ontwikkeling van die Bantoedorp Mdantsane.

(d) Die Munisipaliteit van Queenstown

Die Bantoedorp Ezebeleni word op 'n agentskapsbasis deur die Munisipaliteit van Queenstown ontwikkel.

(e) Die Departement van Bantoe-onderwys

Hierdie Departement is hoofsaaklik met bouwerk op die kampus van die Universiteit van Fort Hare besig.

(f) Die Instandhoudingsafdeling van die Universiteit van Fort Hare

Alhoewel dit hierdie afdeling se hooftaak is om instandhoudingswerk aan die Universiteit se geboue te onderneem, het dit so pas met die oprigting van 'n nuwe gebou begin.

(g) Private Blanke kontrakteurs

Blanke kontrakteurs is met 'n verskeidenheid van bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei besig. Die aktiwiteite wat onderneem word, sluit onder andere in die oprigting van woonstelle, hospitale, lesinglokale en sportfasiliteite.

(h) Private Bantoekontrakteurs

Tydens die opname is gevind dat 22 Bantoekontrakteurs op 'n tender= basis met bouwerk in die Ciskei besig is. Die bouwerk wat onderneem word is hoofsaaklik die oprigting van woonhuise, skole en ander opleidingsinrigtings.

## 2.4 VELDWERK EN VRAELYS

Veldwerkers van die RGN het die instansies wat bou- en konstruksie= bedrywighede onderneem besoek ten einde die nodige inligting in te win. Die inligting is gedurende die tydperk 10 Junie tot 13 Junie 1974 met behulp van 'n vraelys (kyk Bylae) ingesamel.

## 3 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

Die syferkundige inligting oor werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei ontstaan, word in die tabelle wat in hoofstuk 4 supra gegroepeer is, aangetoon. Aangesien die tabelle in 'n groot mate selfverduidelikend is, word dit nie in detail bespreek nie. In hierdie hoofstuk word slegs die belangrikste bevindings aangestip en enkele verduidelikende opmerkings verstrek. Besonderhede wat nie in tabelvorm weer= gegee word nie, word ook bespreek.

In tabel 4.1 word aangetoon dat 3797 Bantoemans by bou- en kon= struksiebedrywighede in die Ciskei betrokke is, waarvan meer as die helfte (55,4%) arbeiders is. Daar moet op gelet word dat 22 Bantoemans boukonstrak= teurs is wat bouwerk op 'n tenderbasis verrig en dus selfgeëmplojeerd is.

Tydens die opname is gevind dat slegs agt Bantoevroue by bou- en kon= struksiebedrywighede betrokke is. Al hierdie vroue is arbeiders en word vanweë hulle relatiewe klein getal vir verdere besprekingsdoeleindes buite rekening gelaat. Daar is ook vasgestel dat daar vakatures vir slegs 10 Bantoemans (arbeiders) bestaan, wat dus beteken dat bou- en konstruksievedrywighede in die Ciskei werkgeleentheid vir 3807 Bantoemans (3797 gevulde poste + 10 vakatures) en agt Bantoevroue skep.

Die syfers tussen hakies na elke beroep in tabel 4.1 verwys na die indeling van die betrokke beroepe in 11 beroepskategorieë wat verder in die tabelle as veranderlike gebruik word. Daar moet egter vermeld word dat die verdeling van ambagsmanne in "gesertifiseerde" en "nie-gesertifiseerde" groepe

(kategorieë 6 en 9) nie op dieselfde wyse deur verskillende werkgewers geïnterpreteer word nie. Sommige werkgewers beskou 'n ambagsman as "gesertifiseerd" wanneer hy 'n ambagstoets by 'n opleidingsinrigting geslaag en die nodige sertifikaat verwerf het. Daarenteen beskou sommige werkgewers 'n ambagsman as "gesertifiseerd" wanneer hy deur die werkgewer self in so 'n mate opgelei is dat hy oor die nodige kennis en vaardigheid van 'n volwaardige ambagsman beskik. Een werkgewer wat sowat 1200 werkers in diens het volg selfs die beleid om aan ambagsmanne wat deur sy organisasie self opgelei is en sy diens verlaat, 'n sertifikaat te gee tot die effek dat die betrokke werker 'n opgeleide ambagsman is. Die veldwerkers van die RGN het gevolglik by die indeling van ambagsmanne in kategorieë 6 en 9, dieselfde indeling as die werkgewer self gevolg eerder as om op ambagsertifikate te let.

Uit tabel 4.2 blyk dat die owerheidsektor, wat bestaan uit die Departement van Werke van die Ciskeise regeringsdien, die XOK, die Departement van Bantoe-onderwys, die verskillende munisipaliteite en die onderhoudsafdeling van die Universiteit van Fort Hare, die belangrikste verskaffer van werkgeleenthede in die bou- en konstruksiebedrywighede is. Deur die toewysing van tenders vir bouwerk aan Bantoekontrakteurs word 318 werkgeleenthede vir Bantoemans geskep (22 boukontrakteurs + 296 werkers = 318). Dit blyk ook dat die private Blanke boukontrakteurs in 'n groter mate van arbeiders en in 'n mindere mate van geskoolde en halfgeskoolde werkers gebruik maak as die owerheidsektor en die Bantoekontrakteurs, aangesien sowat 64 persent van die werknemers van private Blanke kontrakteurs arbeiders is teenoor sowat 56 persent van dié van die ander twee werkgewersektore.

Volgens tabel 4.3 bied die bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei werkgeleenthede aan 197 Blanke mans waarvan 86,3 persent in die owerheidsektor werksaam is. Geen Blanke vroue is in hierdie bedrywighede betrokke nie. Slegs Blankes wat direk by bou- en konstruksiebedrywighede betrokke is, is in die ondersoek betrek. Blankes in die hoofkantore van die betrokke instansies is dus uitgesluit. In die owerheidsektor is die verhouding Blankes tot Bantoes sowat 1 tot 18 (170 Blankes teenoor 3095 Bantoes) terwyl die verhouding in die private sektor sowat 1 tot 14 is (27 Blankes teenoor 384 Bantoes). Die owerheidsektor skep dus in vergelyking met die private sektor meer werkgeleenthede vir Bantoes as vir Blankes.

In tabel 4.4 word aangetoon watter beroepe deur werkgewers aangewys is as dié waarin werkers beter opgelei moet word. Die getal kere wat werkgewers

opleidingsbehoeftes aangetoon het, is ook in die tabel opgeneem. Met werkgewers word in hierdie verband verwys na individue wat in beheer van die werk aan verskillende projekte of in verskillende gebiede is. Vyf werkgewers in die owerheidsektor en drie Blanke kontrakteurs het die betrokke vraag in die vraelys (vraag 3) beantwoord. Een werkgewer in die owerheidsektor en twee in die private sektor het aangetoon dat daar nie opleidingsbehoeftes bestaan nie. Die inligting in die tabel vervat weerspieël dus die antwoorde van vyf werkgewers in die owerheidsektor en drie private Blanke kontrakteurs wat wel van mening was dat hulle werknemers beter opgelei behoort te word. Dit wil voorkom asof die grootste behoefte aan opleiding by ambagslui bestaan. As die relatiewe groot getal ambagsmanne (gesertifiseerd en nie-gesertifiseerd) wat by die bou- en konstruksiebedrywighede betrokke is, in ag geneem word, asook die belangrike rol wat hierdie groepe werkers in sodanige bedrywighede vervul, kan die afleiding gemaak word dat die opleiding van hierdie werkers voorrang behoort te geniet.

'n Opvallende aspek wat tydens die opname waargeneem is, is dat sommige werkgewers, veral van dié wat relatiewe groot getalle werkers in diens het, nie veel waarde aan sertifikate wat ambagsmanne by opleidings-kolleges verwerf het, heg nie. In antwoord op navrae in dié verband het van die werkgewers aangetoon dat, volgens hulle mening, ambagsopleiding tot sy reg kan kom slegs as die volgende aspekte in ag geneem word:

(a) Meer aandag behoort aan teoretiese opleiding gegee te word. Ambagsmanne wat oor sertifikate beskik, het volgens die werkgewers, 'n redelike mate van praktiese kennis alhoewel dit gewoonlik nie voldoende is nie sodat dit met verdere indiensopleiding aangevul moet word. Die betrokke werkers is egter oor die algemeen nie in staat om probleme wat in die werksituasie opduik, die hoof te bied nie as gevolg van 'n gebrek aan teoretiese opleiding.

(b) Oorweging behoort daaraan geskenk te word om 'n vasgestelde vak-leerlingtydperk vir alle ambagsmanne voor te skryf.

Die kwalifikasievereistes wat oor die algemeen aan werknemers in die verskillende beroepskategorieë gestel word (kyk tabel 4.5) toon dat skolastiese kwalifikasies nie 'n besondere rol speel by die aanstelling van werknemers nie. Bepaalde skolastiese kwalifikasies word vir slegs sowat drie persent van die totale getal werknemers as vereiste gestel. 'n Mate van lees- en skryfkennis

is egter wel nodig in daardie beroepe waar dit die agtergrond verskaf vir die bemeestering van die verskillende vakopleidingstoetse of vir die verkryging van 'n rybewys. Indien meer aandag aan die teoretiese opleiding van veral ambagslui geskenk sou word, soos deur sommige werkgewers voorgestel, sou dit ook beteken dat skolastiese kwalifikasies 'n groter rol by indiensneming moet speel as wat tans die geval is. Ervaring word as een van die vereistes vir sowat 34 persent van die werkers gestel. Soos reeds genoem maak werkgewers in 'n groot mate van indiensopleiding gebruik, veral wat ambagslui en operateurs betref. Die ervaring wat as vereiste aan hierdie groepe werkers gestel word, impliseer dus ook 'n groot mate van indiensopleiding.

Daar kan beswaarlik oor opleidingsbehoeftes vir werknemers besin word sonder om die werknemers se loonstruktuur in ag te neem. Wanneer werknemers beter opgelei word, moet voorsiening vir bevorderingsgeleenthede en beter besoldiging ook in gedagte gehou word. Indien sodanige geleenthede nie geskep word nie, kan dit moontlik tot arbeidsomset by opgeleide werkers lei.

Die gemiddelde loon van Bantoewerknemers word in tabel 4.6 aangetoon. Die lone van slegs werknemers is aangetoon en die inkomste van die 22 Bantoekontrakteurs word dus nie in ag geneem nie. Die gemiddelde lone wat aangetoon word, is tot die naaste rand bereken. Daar is merkbare verskille in die lone wat deur die drie werkgewersektore aan die werkers in die verskillende beroepskategorieë betaal word, alhoewel die totale gemiddelde lone egter nie veel verskil nie.

In tabel 4.7 word 'n oorsigtelike beeld van gemiddelde en totale lone van Bantoewerknemers volgens werkgewersektor gegee.

Indien die arbeidsterkte soos in die opname gevind regdeur die jaar gehandhaaf sou word, word 'n totale bedrag van ongeveer R42 000 per week (volgens gemiddelde lone bereken), of sowat R2,2 miljoen per jaar, aan die 3775 Bantoewerknemers betaal. Dit beteken 'n gemiddelde direkte loon van ongeveer R580 per jaar vir die betrokke Bantoes.

By die beplanning van nuwe werkgeleenthede in die bou- en konstruksiebedrywighede in die Ciskei moet die gemiddelde direkte loonkoste van

ongeveer R580 per jaar per werkgeleentheid in gedagte gehou word. Indien die opleidingspeil van die Bantoes verhoog sou word, sal hierdie bedrag waarskynlik ook hoër word.

## 4 TABELLASIES

TABEL 4.1

BEROEPE DEUR BANTOEMANS BEOEFEN

| Beroep | N | % |
|---|---|---|
| Arbeider (11) | 2105 | 55,4 |
| Messelaar (gesertifiseer) (6) | 223 | 5,9 |
| Vragmotorbestuurder (5) | 138 | 3,6 |
| Messelaar (nie-gesertifiseer) (9) | 135 | 3,6 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseer) (9) | 84 | 2,2 |
| Skilder (nie-gesertifiseer) (9) | 72 | 1,9 |
| Betonmengeroperateur | 66 | 1,7 |
| Personeel-/administratiewe klerk (2) | 55 | 1,4 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) (6) | 48 | 1,3 |
| Skilder (gesertifiseer) (6) | 47 | 1,2 |
| Stamperoperateur (8) | 46 | 1,2 |
| Trekkerbestuurder (5) | 43 | 1,1 |
| Messelaar/pleisteraar (gesertifiseer) (6) | 41 | 1,1 |
| Pyplêer (9) | 40 | 1,1 |
| Hamerbooroperateur (8) | 38 | 1,0 |
| Loodgieter (nie-gesertifiseer) (9) | 37 | 1,0 |
| Voorman (bou-ambag) (7) | 37 | 1,0 |
| Wag (11) | 35 | 0,9 |
| Borselman (Brushhand) (9) | 34 | 0,9 |
| Werktuigkundige (nie-gesertifiseer) (9) | 33 | 0,9 |
| Sekuriteitsbeampte (11) | 31 | 0,8 |
| Elektrisiën (nie-gesertifiseer) (9) | 30 | 0,8 |
| Padskraperoperateur (8) | 26 | 0,7 |
| Kompresseroperateur (8) | 25 | 0,7 |
| Loodgieter (gesertifiseer) (6) | 22 | 0,6 |
| Boukontrakteur (1) | 22 | 0,6 |
| Voorman (meganies) (7) | 20 | 0,5 |

TABEL 4.1 (VERVOLG)

BEROEPE DEUR BANTOEMANS BEOEFEN

| Beroep | N | % |
|---|---|---|
| Buitinsitter (9) | 20 | 0,5 |
| Staalpasser (steelfixer) (9) | 18 | 0,5 |
| Messelaar (vakleerling) (10) | 17 | 0,4 |
| Messelaar/pleisteraar (nie-gesertifiseer) (9) | 17 | 0,4 |
| Elektrisiën (vakleerling) (10) | 15 | 0,4 |
| Oprigter van heinings (9) | 15 | 0,4 |
| Betonsteenmaker (9) | 15 | 0,4 |
| Steierwerker (9) | 14 | 0,4 |
| Dakwerker (9) | 12 | 0,3 |
| Meganiese graaf-operateur (8) | 12 | 0,3 |
| Padrolleroperateur (8) | 12 | 0,3 |
| Kruiptrekkeroperateur (8) | 11 | 0,3 |
| Padwerkhandlanger (9) | 11 | 0,3 |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur (8) | 10 | 0,3 |
| Muurbekleder (9) | 8 | 0,2 |
| Magasyn-/pakhuisklerk (2) | 7 | 0,2 |
| Motorbestuurder (5) | 7 | 0,2 |
| Skrynwerker (vakleerling) (10) | 7 | 0,2 |
| Landmeterassistent (4) | 6 | 0,2 |
| Rioolwerker (9) | 5 | 0,1 |
| Voorman (ander werke) (7) | 4 | 0,1 |
| Sweiser (gesertifiseer) (6) | 4 | 0,1 |
| Uitlêer van fondasie (9) | 3 | 0,1 |
| Hyskraanbediener (8) | 3 | 0,1 |
| Labratoriumassistent (4) | 2 | 0,1 |
| Skilder (vakleerling) (10) | 2 | 0,1 |
| Sweiser (vakleerling) (10) | 2 | 0,1 |
| Tekenaarassistent (4) | 1 | 0,02 |
| Kassier/betaalmeester (2) | 1 | 0,02 |
| Hoofklerk (1) | 1 | 0,02 |
| Houtwerkmasjienoperateur (8) | 1 | 0,02 |
| Meganiese laaimasjienoperateur (8) | 1 | 0,02 |
| TOTAAL | 3797 | 100 |

TABEL 4.2

BEROEPSVERDELING VAN BANTOEMANS VOLGENS BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR

| Beroepskategorie | | Owerheidsektor | | Private ~~sektor:~~ Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoe-kontrakteurs | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1. Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 1 | 0,03 | | | 22 | 6,9 | 23 | 0,6 |
| | % | 4,3 | | | | 95,7 | | 100 | |
| 2. Klerke | N | 59 | 1,9 | 4 | 1,0 | | | 63 | 1,7 |
| | % | 93,7 | | 6,3 | | | | 100 | |
| 3. Tegnici | N | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | |
| 4. Tegniese assistente | N | 9 | 0,3 | | | | | 9 | 2,3 |
| | % | 100 | | | | | | 100 | |
| 5. Vervoerwerkers | N | 185 | 6,0 | 3 | 0,8 | | | 188 | 5,0 |
| | % | 98,4 | | 1,6 | | | | 100 | |
| 6. Gesertifiseerde ambagslui | N | 275 | 8,9 | 90 | 23,4 | 20 | 6,3 | 385 | 10,1 |
| | % | 71,4 | | 23,4 | | 5,2 | | 100 | |
| 7. Voormanne en toesighouers | N | 57 | 1,8 | 4 | 1,0 | | | 61 | 1,6 |
| | % | 93,4 | | 6,6 | | | | 100 | |
| 8. Operateurs | N | 235 | 7,6 | 14 | 3,6 | 2 | 0,6 | 251 | 6,6 |
| | % | 93,6 | | 5,6 | | 0,8 | | 100 | |
| 9. Nie-gesertifiseerde ambagslui | N | 486 | 15,7 | 23 | 6,0 | 94 | 29,6 | 603 | 15,9 |
| | % | 80,6 | | 3,8 | | 15,6 | | 100 | |
| 10. Vakleerlinge | N | 43 | 1,4 | | | | | 43 | 1,1 |
| | % | 100 | | | | | | 100 | |
| 11. Arbeiders | N | 1745 | 56,4 | 246 | 64,1 | 180 | 56,6 | 2171 | 57,2 |
| | % | 80,4 | | 11,3 | | 8,3 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 3095 | 100 | 384 | 100 | 318 | 100 | 3797 | 100 |
| | % | 81,5 | | 10,1 | | 8,4 | | 100 | |



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 4.3

BEROEPE DEUR BLANKE MANS BEOEFEN

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Voorman (bou-ambagte) | 50 | 29,4 | 12 | 44,4 | 62 | 31,5 |
| Bestuurder/Superintendent van werke | 25 | 14,7 | 1 | 3,7 | 26 | 13,2 |
| Inspekteur van konstruksie | 21 | 12,4 | | | 21 | 10,7 |
| Voorman (meganies) | 10 | 5,9 | | | 10 | 5,1 |
| Ingenieur (siviel) | 9 | 5,3 | | | 9 | 4,6 |
| Elektrisiën (gesertifiseer) | 1 | 0,6 | 6 | 22,2 | 7 | 3,6 |
| Werktuigkundige | 6 | 3,5 | | | 6 | 3,0 |
| Administratiewe beampte | 6 | 3,5 | | | 6 | 3,0 |
| Magasyn-, pakhuisklerk | 6 | 3,5 | | | 6 | 3,0 |
| Tegniese beheerbeampte | 5 | 2,9 | | | 5 | 2,5 |
| Passer en draaier | 2 | 1,2 | 3 | 11,1 | 5 | 2,5 |
| Tegniese assistent | 4 | 2,4 | | | 4 | 2,0 |
| Onderhoudwerker | 4 | 2,4 | | | 4 | 2,0 |
| Elektrisiën (vakleerling) | | | 4 | 14,8 | 4 | 2,0 |
| Voorman (elektries) | 3 | 1,8 | | | 3 | 1,5 |
| Padskraperoperateur | 3 | 1,8 | | | 3 | 1,5 |
| Voorman (ander werk) | 3 | 1,8 | | | 3 | 1,5 |
| Boekhouer | 2 | 1,2 | | | 2 | 1,0 |
| Tekenaar | 2 | 1,2 | | | 2 | 1,0 |
| Personeel-, administratiewe klerk | 2 | 1,2 | | | 2 | 1,0 |
| Argitek | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Tegniese bestuurder | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Ingenieur (ander) | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Tydklerk | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Sweiser (gesertifiseer) | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Padrolleroperateur | 1 | 0,6 | | | 1 | 0,5 |
| Kassier/Betaalklerk | | | 1 | 3,7 | 1 | 0,5 |
| TOTAAL N | 170 | 100 | 27 | 100 | 197 | 100 |
| % | 86,3 | | 13,7 | | 100 | |

## TABEL 4.4

### OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN BANTOEWERKNEMERS

| Beroepe waarin werkers beter opgelei moet word. | Getal kere wat werkgewers opleidingsbehoeftes aangetoon het. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Owerheid=sektor | | Blanke kontrakteurs | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Alle ambagsmanne | 4 | 50,0 | 2 | 40,0 | 6 | 46,2 |
| Voormanne en toesighouers | 2 | 25,0 | 1 | 20,0 | 3 | 23,1 |
| Alle werkers | | | 2 | 40,0 | 2 | 15,4 |
| Administratiewe beamptes | 1 | 12,5 | | | 1 | 7,7 |
| Klerke | 1 | 12,5 | | | 1 | 7,7 |
| TOTAAL | 8 | 100 | 5 | 100 | 13 | 100 |

## TABEL 4.5

### KWALIFIKASIEVEREISTES WAT AAN BANTOEWERKERS GESTEL WORD

| Beroepskategorie | N | % | Kwalifikasievereiste |
|---|---|---|---|
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 1 | 0,02 | Vakopleiding + ervaring |
| Klerke | 63 | 1,7 | St. 6 - 10 |
| Tegniese assistente | 9 | 0,2 | St. 6 - 8 |
| Vervoerwerkers | 188 | 5,0 | Geldige rybewys |
| Gesertifiseerde ambagslui | 385 | 10,2 | Vakopleiding of indiensopleiding + ervaring |
| Voormanne en Toesighouers | 61 | 1,6 | Vakopleiding + ervaring of in=diensopleiding + ervaring |
| Operateurs | 251 | 6,6 | Ervaring |
| Nie-gesertifiseerde ambagslui | 603 | 16,0 | Ervaring |
| Vakleerlinge | 43 | 1,1 | St. 6 - 8 |
| Arbeiders | 2171 | 57,5 | Geen |
| TOTAAL | 3775 | 100 | |

TABEL 4.6

GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKERS (MANS)

VOLGENS BEROEP EN WERKGEWERSEKTOR

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoe-kontrakteurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | | | | | | |
| Hoofklerk | 1 | 22 | | | | |
| SUBTOTAAL | 1 | 22 | | | | |
| Klerke | | | | | | |
| Magasyn-, pakhuisklerk | 4 | 18 | 3 | 20 | | |
| Personeel-, administratiewe klerk | 55 | 17 | | | | |
| Kassier/betaalmeester | | | 1 | 30 | | |
| SUBTOTAAL | 59 | 17 | 4 | 23 | | |
| Tegniese assistente | | | | | | |
| Tekenaarassistent | 1 | 25 | | | | |
| Landmeterassistent | 6 | 13 | | | | |
| Labratoriumassistent | 2 | 22 | | | | |
| SUBTOTAAL | 9 | 16 | | | | |
| Vervoerwerkers | | | | | | |
| Motorbestuurder | 7 | 8 | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 136 | 13 | 2 | 27 | | |
| Trekkerbestuurder | 42 | 9 | 1 | 13 | | |
| SUBTOTAAL | 185 | 12 | 3 | 22 | | |
| Gesertifiseerde ambagslui | | | | | | |
| Sweiser | | | 4 | 18 | | |
| Messelaar | 194 | 17 | 17 | 15 | 12 | 20 |
| Messelaar/pleisteraar | 26 | 8 | 15 | 15 | | |
| Skrynwerker | 18 | 19 | 25 | 12 | 5 | 17 |
| Skilder | 23 | 18 | 24 | 13 | | |
| Loodgieter | 14 | 18 | 5 | 18 | 3 | 20 |
| SUBTOTAAL | 275 | 16 | 90 | 14 | 20 | 19 |

TABEL 4.6 (VERVOLG)

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoe-kontrakteurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| **Voormanne en Toesighouers** | | | | | | |
| Bouambagte | 33 | 21 | 4 | 32 | | |
| Meganies | 20 | 17 | | | | |
| Ander werke | 4 | 18 | | | | |
| SUBTOTAAL | 57 | 19 | 4 | 32 | | |
| **Operateurs** | | | | | | |
| Betonmengeroperateurs | 58 | 11 | 6 | 11 | 2 | 12 |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur | 6 | 15 | 4 | 12 | | |
| Hyskraanbediener | 2 | 9 | 1 | 13 | | |
| Stamperoperateur | 46 | 10 | | | | |
| Hamerbooroperateur | 36 | 10 | 2 | 8 | | |
| Padskraperoperateur | 26 | 11 | | | | |
| Padrolleroperateur | 12 | 10 | | | | |
| Meganiese graafoperateur | 12 | 17 | | | | |
| Meganiese laaimasjienoperateur | | | 1 | 25 | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 11 | 15 | | | | |
| Kompresseroperateur | 25 | 18 | | | | |
| Houtwerkmasjienoperateur | 1 | 10 | | | | |
| SUBTOTAAL | 235 | 12 | 14 | 12 | 2 | 12 |
| **Nie-gesertifiseerde ambagslui** | | | | | | |
| Elektrisiën | 30 | 12 | | | | |
| Messelaar | 80 | 13 | | | 55 | 20 |
| Messelaar/pleisteraar | 17 | 12 | | | | |
| Skrynwerker | 66 | 10 | | | 18 | 20 |
| Skilder | 53 | 10 | | | 19 | 15 |
| Loodgieter | 35 | 10 | | | 2 | 12 |
| Staalpasser | 18 | 9 | | | | |
| Pyplêer | 30 | 12 | 10 | 18 | | |

TABEL 4.6 (VERVOLG)

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoe-kontrakteurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| Nie-gesertifiseerde ambagslui (vervolg) | | | | | | |
| Muurbekleder | | | 8 | 25 | | |
| Steierwerker | 14 | 11 | | | | |
| Dakwerker | 10 | 12 | 2 | 30 | | |
| Oprigter van heinings | 15 | 12 | | | | |
| Ruitinsitter | 17 | 12 | 3 | 20 | | |
| Werktuigkundige | 33 | 13 | | | | |
| Betonsteenmaker | 15 | 13 | | | | |
| Borselman | 34 | 12 | | | | |
| Rioolwerker | 5 | 12 | | | | |
| Uitlêer fondasie | 3 | 18 | | | | |
| Padwerkhandlanger | 11 | 12 | | | | |
| SUBTOTAAL | 486 | 12 | 23 | 22 | 94 | 19 |
| Vakleerlinge | | | | | | |
| Messelaar | 17 | 10 | | | | |
| Sweiser | 2 | 16 | | | | |
| Skrynwerker | 7 | 9 | | | | |
| Skilder | 2 | 11 | | | | |
| Elektrisiën | 15 | 17 | | | | |
| SUBTOTAAL | 43 | 13 | | | | |
| Arbeiders | | | | | | |
| Arbeider | 1679 | 9 | 246 | 10 | 180 | 8 |
| Sekuriteitsbeampte | 31 | 14 | | | | |
| Wag | 35 | 12 | | | | |
| SUBTOTAAL | 1745 | 9 | 246 | 10 | 180 | 8 |
| GROOTTOTAAL | 3095 | 11 | 384 | 12 | 296 | 12 |

TABEL 4.7

TOTALE EN GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEMANS VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

| Werkgewersektor | N | Totale Loon: Rand per week | Gemiddelde Loon: Rand per week |
|---|---|---|---|
| Owerheidsektor | 3095 | 33908 | 11,0 |
| Blanke kontrakteurs | 384 | 4666 | 12,2 |
| Bantoekontrakteurs | 296 | 3617 | 12,2 |
| TOTAAL | 3775 | 42191 | 11,2 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRIVAATSAK X41
PRETORIA

Telefoon : 486562
Navrae : C.P. Wolmarans
P. Hartman
Verwys. Nr. N/2/2/3

**WERKGELEENTHEDE IN DIE BOU- EN KONSTRUKSIE AKTIWITEITE IN DIE TUISLANDE**

[ ][ ][ ][ ] Vraelysnommer 1 - 4

1 Datum ______________ [ ][ ] 5 - 6

2 Soort besigheid ______________
______________ [ ][ ][ ] 7 - 9

3 (a) Is daar bepaalde groepe werkers in u diens wat na u mening beter opgelei behoort te word?

Ja [ ]
Nee [ ] 10

(b) Indien ja - watter beroepe?

(1) ______________ [ ][ ][ ][ ] 11-14
(2) ______________ [ ][ ][ ][ ] 15-18
(3) ______________ [ ][ ][ ][ ] 19-22
(4) ______________ [ ][ ][ ][ ] 23-26

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | |
| PROFESSIONELE BEROEPE | | | | | | | | | | | | | | | |
| Argitek | 0000 | | | | | | | | | | | | | | |
| Siviele Ingenieur | 0010 | | | | | | | | | | | | | | |
| Ander Ingenieurs | 0013 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| BESTURENDE, UITVOERENDE EN ADMINISTRATIEWE WERKERS | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bestuurder/Superintendent van werke, konstruksie, ens. | 1003 | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese Bestuurder | 1013 | | | | | | | | | | | | | | |
| Boukontrakteurs | 1015 | | | | | | | | | | | | | | |
| Administratiewe beamptes (en hoof- en senior klerk) | 1021 | | | | | | | | | | | | | | |
| Inspekteur van konstruksie, persele, behuising, dreinering | 1022 | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese beheer-, kontrole, [illegible] beampte (of superintendent) | 1024 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41 42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | 61-63 | 76-77 |

Projek Nr. M 32 | 78-80

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| KLERKE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Boekhouer | 2001 | | | | | | | | | | | | | | | |
| -Kassier, betaalmeester | 2002 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Magasyn-, stoorklerk | 2010 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Personeel-, administratiewe klerk | 2012 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VERVOER, AFLEWERING EN KOMMUNIKASIE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Motorbestuurder | 4015 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 4016 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| AMBAGSMANNE, VAKLEERLINGE, NIE-GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (gesert.) | 6008 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (vakleerling) | 6108 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (nie-gesert.) | 6208 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (gesert.) | 6030 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (vakleerling) | 6130 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (nie-gesert.) | 6230 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 76-77 |

| Projek Nr. M 32 | 78-80 |
|---|---|

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| Messelaar (gesert.) | 6040 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (vakleerling) | 6140 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (nie-gesert.) | 6240 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (gesert.) | 6041 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (vakl.) | 6141 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (nie-gesert.) | 6241 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (gesert.) | 6042 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (vakl.) | 6142 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (nie-gesert.) | 6242 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (gesert.) | 6043 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (vakleerling) | 6143 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (nie-gesert.) | 6243 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (gesert.) | 6044 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (vakleerling) | 6144 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (nie-gesert.) | 6244 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VOORMANNE EN TOESIGHOUERS<br>Elektriese ambagte | 7002 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bou ambagte | 7003 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | | 61–63 | 76–77 |

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | |
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS | | | | | | | | | | | | | | | |
| Betonmengeroperateur | 8301 | | | | | | | | | | | | | | |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur | 8302 | | | | | | | | | | | | | | |
| Hyskraanbediener | 8303 | | | | | | | | | | | | | | |
| Mobiele hyskraanbediener | 8304 | | | | | | | | | | | | | | |
| Stamperoperateur | 8305 | | | | | | | | | | | | | | |
| Hamerbooroperateur | 8306 | | | | | | | | | | | | | | |
| Padskraperoperateur | 8307 | | | | | | | | | | | | | | |
| Padrolleroperateur | 8308 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese skropoperateur | 8309 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese graafoperateur | 8310 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese laaimasjienoperateur | 8311 | | | | | | | | | | | | | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 8312 | | | | | | | | | | | | | | |
| Pyplêer | 8351 | | | | | | | | | | | | | | |
| Steierwerker | 8352 | | | | | | | | | | | | | | |
| Dakwerker | 8354 | | | | | | | | | | | | | | |
| Opsigter van heinings | 8355 | | | | | | | | | | | | | | |
| Buitinsitter | 8356 | | | | | | | | | | | | | | |
| Trekkerbestuurder | 8801 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | 61-63 | 76-77 |

| Projek Nr. M 32 | 78-80 |
|---|---|

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemidde | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| ARBEIDERS<br>Arbeiders | 9000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| ANDER BEROEPE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 76-77 |

| Projek Nr. M 32 | 78-80 |
|---|---|

39838

RGN
BIBLIOTEEK
HSRC
LIBRARY